**Johannes die Doper getuig oor die groot verlossing (OP205)**

**Joh 1:19-34**

**26 Januarie 2025**

Die afgelope twee weke het ons die proloog van Johannes se evangelie oordink. In die proloog beklemtoon Johannes dat die Here Jesus alreeds vanaf die begin by God was en ook vanaf die begin al God was. Trouens, dit is deur Hom dat God alles geskep het. Boonop is Hy die bron van ware lewe en ook van ware lig. Johannes skryf Jesus, as die ware lig, was aan die kom na die wêreld, d.w.s na die sondegevalle mensdom. Johannes die Doper is juis gestuur om hierdie koms aan te kondig. Jesus met Sy koms as die ware lig, konfronteer elke mens: Baie mense erken Hom glad nie, selfs baie mense van Joodse afkoms erken Hom nie. Maar, daar is tog ook mense wat Hom wel erken, wat wel in Hom glo – hulle word regtens kinders van God deur die werk van die Here Jesus. Hierdie mense is die mense wat wedergebore is deur God. Met Jesus se menswording het Hy die heerlikheid van God aan ons kom openbaar – dit is die goedheid van die Here soos wat sigbaar word in die feit dat Jesus die vervulling is van die verbondsbeloftes en wat die genade en trou van die Here uitdruk, veral soos wat dit sigbaar word in die nuwe verbond as vervulling van die Sinaiverbond. So maak die Here Jesus God aan ons bekend.

Vandag wil ek stilstaan by die getuienis van Johannes die Doper soos wat ons dit lees in Joh 1:19-34. Ek wil graag erkenning gee aan Mark Johnston se insig oor hierdie gedeelte waarvan ek ruim gebruik maak.

Dink oor die volgende: Mense het instinktief 'n behoefte aan iemand wat aan hulle sekuriteit kan bied. Hulle word aanhangers van groot leiers of gewilde persone. Hulle word aanhangers van persone soos die Dalai Lama, of die Pous, of 'n gewilde popster, of politieke leiers. Alhoewel hulle nie altyd presies kan uitdruk wat hulle hoop hierdie leiers vir hulle kan doen nie, het hulle 'n behoefte aan iemand in wie hulle hulle vertroue kan stel. Dit was ook die geval aan die begin van die Nuwe Testament. Vir ongeveer 400 jaar was daar geen optrede van 'n profeet onder die Jode nie – die stem van die Here was stil. En toe verskyn Johannes die Doper op die toneel. Hy tree op in die woestyn – waarskynlik enkele maande voordat die Here Jesus met Sy optrede begin het. Die boodskap van Johannes is 'n boodskap wat handel oor sonde, bekering en versoening. En hierdie boodskap fassineer die mense – dit het 'n geweldige invloed gehad op die deursnee van die Joodse gemeenskap. Die gevolg was dat selfs die leiers van die volk begin vrae vra het oor Johannes die Doper. Die optrede van Johannes die Doper het twee gevolge gehad: Die mense het opnuut begin begin vrae vra oor die beloftes van vroeër oor die koms van 'n Messias, en in die proses het Johannes die pad vir die koms van die Here Jesus voorberei. Ek wil die gedeelte oordink onder die volgende vier punte: (1) Johannes maak hoop op verlossing wakker (Joh 1:19-23), (2) Die gesag waarmee Johannes optree, word bevraagteken (Joh 1:24-28), (3) Die groot Verlosser (Joh 1:29) en (4) Die Verlosser is deur God aangestel (Joh 1:30-34).

<u>Johannes maak hoop op verlossing wakker (Joh 1:19-23)</u>

Lees Joh 1:19-22. Die Johannes-evangelie se beskrywing van die optrede van Johannes die Doper begin op 'n redelike gevorderde stadium van sy optrede. Teen hierdie tyd het Johannes die Doper se optrede al groot belangstelling onder die mense wakker gemaak. Dit was so beduidend dat selfs die Joodse leiers verstaan het hulle sal moet standpunt inneem oor Johannes se optrede en sy boodskap. Hulle stuur toe 'n afvaardiging bestaande uit priesters en Leviete na Johannes die Doper toe, en hulle vraag aan hom is eenvoudig: "Wie is u?" Johannes se eerste antwoord is hy is nie die

Christus nie – ons kan aflei daar het al gerugte onder die volk ontstaan dat hy dalk die lank-beloofde Messias is wat nou gekom het. Maar Johannes is baie spesifiek en duidelik: Hy is nie die Christus nie.

Die leiers wil vervolgens weet is hy dan Elia? Onthou die profesie in Mal 4:5 waar die Here deur Maleagi beloof het: "Kyk, Ek gaan Elia, die profeet, vir julle stuur voordat die groot en verskriklike dag van die Here kom". Selfs die leiers van die volk het die konneksie gemaak tussen Johannes se optrede en Ou Testamentiese profesieë, en daarom die vraag of hy dalk Elia is wat beloof is. Maar Johannes is hieroor ook negatief – hy is nie die beloofde Elia nie.

Hierna wil die leiers weet is Johannes dan dié profeet? Hier gryp hulle terug na die belofte van die Here in Deut 18:15 waar die Here deur Moses beloof het daar in die toekoms 'n profeet soos Moses na vore sal kom deur Wie die Here met die volk sal praat. Maar weer antwoord Johannes en sê hy is ook nie daardie beloofde profeet nie. Johannes sê hy is nie die Christus nie, hy is nie Elia nie, hy is ook nie dié profeet nie.

Kan ek net hier die opmerking maak: Dit is so dat Jesus in gedeeltes soos Mat 11:14 wel na Johannes die Doper verwys as die vervulling van die koms van die beloofde Elia. Wat ons moet aflei is dat alhoewel Jesus Johannes gesien het as die beloofde Elia, het Johannes nie so oor homself gedink nie – wat waarskynlik 'n aanduiding is van Johannes se nederige beskouing van homself – veral in vergelyking met die Here Jesus oor wie hy getuig.

Natuurlik is die afgevaardigdes van die leiers van die volk nie tevrede met Johannes se antwoorde oor wie hy nie is nie. Hulle wil steeds weet: "Wie is u?" Immers moet hulle 'n sinvolle antwoord gaan gee aan hulle leiers. En dan sê Johannes wie hy wel is: "Ek is die stem van een wat uitroep in die woestyn: 'Maak die pad van die Here reguit!' soos die profeet Jesaja gesê het" (v23). Hierdie is 'n verwysing na Jes 40:3. Johannes se antwoord was betekenisvol: die voorstelle van die afgevaardigdes het gefokus op groot name van persone wat die Here in die verlede gebruik het om verlossing vir die volk te bring – mense soos Elia en Moses. Hierdie voorstelle het dit duidelik gemaak hulle verwag iemand om weer die Jode te verlos. Maar Johannes is baie pertinent – dit is nie wie hy is nie, dit is ook nie sy rol nie. Hy kom nie as 'n verlosser van enige aard nie – veral nie as 'n verlosser met 'n politieke agenda om politieke verligting te bring nie. Hy herinner die afgevaardigdes, en dus die leiers, asook die volk wat na hom luister: Ek is die stem wat uitroep in die woestyn: 'Maak die pad van die Here reguit.' En dan verwys hy hulle spesifiek na Jesaja se profesie in hierdie verband. As hulle wil verstaan wie Johannes is, sal hulle moet teruggaan na Jesaja om te verstaan wat besig is om te gebeur.

Lees Jes 40:1-11. In hierdie uitspraak maak die Here bekend dat die volk uit ballingskap gaan terugkeer. En vir die doel moet die pad van die Here gereed gemaak word waarlangs die verlossing gaan kom. Elke dal moet opgevul word, elke heuwel moet wegsak, hobbelrige plekke moet gelyk gemaak word – want sien die komende verlossing gaan hand aan hand met die openbaarmaking van die Here (Jes 40:5). Kyk na ver 9: die boodskapper van vreugde moet op Sionsberg klim, en uitroep: lees verse 9c-12. Sien jy dit? Jesaja sê iemand gaan in die woestyn roep die pad moet gereed gemaak word, want die verlossing kom, nog meer spesifiek: die heerlikheid van die Here gaan geopenbaar word, trouens die Here gaan kom, en Hy gaan die lammers in Sy arms bymekaar maak. Jy kan die res van die Jesaja profesie gaan lees oor die komende koms van die Kneg van die Here, dink maar aan gedeeltes soos Jes 53 wat dit uitspel, asook die klimaks waarheen dit opbou van 'n komende nuwe hemel en aarde in Jes 65-66. Johannes se punt aan die afgevaardigdes van die Joodse leiers is: Hy is nie die beloofde Kneg van die Here nie – nee, hy is net die een wat roep maak die pad van die Here reguit – maar dit moet reguit gemaak word want, as hulle Jesaja se profesie sou gaan lees, sou hulle

sien die Kneg van die Here is op hande, die Verlosser is aan die kom, die heerlikheid van die Here is op die punt om geopenbaar te word.

In die proses konfronteer Johannes ook die afgevaardigdes, die leiers en die volk oor watter tipe verlosser hulle verwag. As hulle net ‘n politieke verlosser verwag, gaan hulle teleurgesteld wees. Nee, hulle moet daardie Verlosser verwag waaroor Jesaja geprofeteer het.

Aan watter tipe verlosser het jy behoefte? ‘n Politieke verlosser? ‘n Ekonomiese verlosser? ‘n Sosiale verlosser? ‘n Sielkundige verlosser? Dan gaan jy ook teleurgesteld staan. Onthou ons grootste nood sedert Gen 3 is ons sondeskuld en ons sondige natuur. Die heerlike waarheid is dat Johannes die koms van die komende Verlosser aankondig wat dáárdie nood effektief geen aanspreek.

<u>Die gesag waarmee Johannes optree, word bevraagteken (Joh 1:24-28)</u>

Lees Joh 1:24-28. Dit blyk dat daar ook Fariseërs was onder die afgevaardigdes van die leiers. Hulle het ook nou gehoor dat Johannes nie die Christus is nie, dat hy ook nie Elia of dié profeet is nie. En tog sien hulle dat Johannes mense doop. Hulle vraag is daarom: “Waarom doop u dan?” Hulle bedoeling met die vraag is, as Johannes dan nie die Christus, Elia of die profeet is nie, op grond waarvan het hy die gesag om mense te doop? Uit gedeeltes soos Mat 3:2 weet ons dat Johannes nie net gedoop het nie, hy het boonop die mense opgeroep dat hulle hulle moet bekeer, want die koninkryk van die hemele is op hande. Die Fariseërs wil weet waar kom Johannes aan die reg om mense te doop en hulle op te roep tot bekering?

Weereens getuig Johannes se antwoord aan hulle van sy nederigheid. Johannes wys weg van homself na die Een wat na hom kom. Lees vers 26-27. Johannes wys die Fariseërs daarop dat daar Een is wat na hom kom – en daardie Een is baie groter as Johannes self. Hy is so verhewe dat Johannes nie eens waardig is om Sy sandale se riempies los te maak nie. Effektief sê Johannes vir hulle hulle verstaan eintlik glad nie: Hulle is bekommerd oor sy gesag, maar hy wys maar net na Een wat na hom kom wat nog baie groter en verhewe is as Johannes. Daardie Een is die Een wat werklik gesag het. As die Fariseërs besorgd wil wees oor gesag, moet hulle eerder besorgd wees oor waar daardie verhewe Een se gesag vandaan kom. Die Fariseërs is besorgd oor die gesag waarmee Johannes doop, maar Johannes wys hulle daarop dat hy maar net met water doop – daar is ‘n veel meer verhewe Een wat gaan kom, en Hy gaan ook doop – maar Sy doop gaan soveel meer inhoud hê as Johannes se doop net met water – Hy gaan met die Heilige Gees doop.

Johannes wys hulle verder op die volgende ironie: Hierdie verhewe Een na wie Johannes besig is om te wys, staan alreeds in hulle midde – in die midde ook van die Fariseërs. Maar die Fariseërs besef dit nie eens nie, hulle kan Hom nie erken nie. Hulle is bekommerd oor Johannes se doop en gesag – sonder om te besef daar is Een wat baie meer verhewe is, wat baie meer gesag het, wat ‘n veel ryker doop gaan beoefen as Johannes. Maar hulle insig is so beperk, hulle begryp dit nie eens nie, en hulle kan hom nie erken nie.

Verstaan jy hoe groot die nood van die sondegevalle mensdom is? Hier lees ons van die Fariseërs – hulle is mense wat veronderstel is om die Skrif te ken. Hulle hoor selfs dat Johannes getuig oor die koms van die beloofde Verlosser in lyn met die Ou Testamentiese profesieë. En alhoewel Jesus in hulle midde staan, kan hulle Hom eenvoudig nie raaksien en erken nie – hulle is steeds net bekommerd oor Johannes se doop en gesag. Dit is die tragiese realiteit van die sondegevalle mens – ons kan nie die Verlosser raaksien as Hy nie pertinent vir ons gewys word en as die Heilige Gees nie verligtend in ons werk nie.

<u>Die groot Verlosser (Joh 1:29)</u>

Lees Joh 1:29. Dit is die volgende dag. En Johannes maak sekerlik een van die mees aangrypende stellings van sy optrede. Die afvaardiging wat deur die Joodse leiers gestuur is, is egter nie meer teenwoordig nie – al is hulle sogenaamd besorgd oor Johannes se optrede, al het hulle gehoor Johannes maak die pad reguit vir 'n groter Een wat na hom sal kom, was hulle nie teenwoordig toe Johannes duidelik gemaak het wie hierdie Een is nie. Ons lees op die volgende dag het Johannes Jesus na hom toe sien kom, en toe sê Johannes: "Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Hierdie is 'n groot oomblik in die oopvou van die Here se verlossingsplan. Johannes het aan die mense daar by die Jordaanrivier aangekondig die groot oomblik van die Here het gekom, die lank-beloofde Verlosser tree nou openlik na vore op die verhoog van die wêreldgeskiedenis.

Johannes se aankondiging is verstommend: Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Onthou: Johannes tree op onder die Jode. Hulle was goed vertroud met die konsep van sonde. Hulle moes die Ou Testamentiese geskiedenis geken het: Hoe sedert Gen 3 sonde gedurigdeur die volk gepooitjie het. Hulle moes geweet het, die probleem is nog groter as dat hulle reeds sondeskuld het – hulle moes geweet het hulle het boonop 'n sondige natuur. Al waarsku die Here, al straf die Here, hulle val telkens maar weer in sonde. Die Ou Testamentiese geskiedenis beskryf dit keer op keer. Maar nou kondig Johannes aan Jesus is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem! Sondes wegneem? 'n Lam wat sondes wegneem? 'n Lam van God wat sondes wegneem?

Hulle moes onthou het hoedat die Here by Sinai nie net die wet aan hulle gegee het wat vir hulle gedefinieer het wat sonde is nie, maar die Here het ook die offerdiens ingestel. In Lev 17:11 het die Here ook spesifiek gesê om versoening te doen vir sonde sal bloed moet vloei – want dit is in die bloed dat lewe is, en a.g.v. hulle sonde het hulle behoefte aan lewe. Dit was tog hoekom die Here daardie uitgebreide sisteem van gereelde offers aan hulle voorgeskryf het – sodat hulle daardeur vergifnis van hulle sondes kon ontvang. Maar tog het die Here ook al in Jes 1:11 gevra wat baat die magdom van slagoffers? Die Here het gesê Hy het genoeg gehad van die brandoffers van ramme en die vet van gevoerde diere – die bloed van bulle, lammers en bokramme staan Hom nie aan nie! Die probleem is diere-offers kan eenvoudig nie versoening bewerk vir menslike sondeskuld nie. Dit gaan nou duidelik word daardie offerdiere was gegee as skadu's wat vooruit moes wys na die Lam van God wat nou op die toneel verskyn, en wat Sy eenmalige offer gaan bring wat wel die sondeskuld gaan wegneem. En Johannes se hoorders mag hoor en kyk en sien: Hier is Hy – die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem!

Hulle moes sekerlik teruggedink het aan die Groot Versoendag, en hoe die sondebok die woestyn ingestuur is nadat die sondes van die volk daarop gelaai is (Lev 16). Hulle moes sekerlik gedink het aan hoe die hoëpriester die bloed van die offers in die Allerheiligste moes inneem om versoening te doen vir sy en die volk se sondes. Maar nou mag Johannes se hoorders hoor en kyk en sien: Hier is Hy – die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem!

Hulle moes sekerlik teruggedink het aan Abraham wat destyds vir Isak op die berg Moria moes gaan offer. Maar daar het die Here op die ou end 'n ram voorsien om in die plek van Isak te sterf, en Abraham het die plek "Die Here voorsien" genoem. So het die Here die beginsel van 'n plaasvervangende offer gedemonstreer. Maar nou mag Johannes se hoorders hoor en kyk en sien: Hier is Hy, die Lam van God wat as plaasvervangende Offer die sondes van die wêreld wegneem.

Siende dat Johannes hulle die vorige dag herinner het aan die Jesaja profesie toe hy gesê het hy is die stem van die een wat roep om die pad van die Here reguit te maak, moes hulle sekerlik gedink het aan wat Jesaja 'n paar hoofstukke later gesê het in Jes 53:6-7: "Ons almal het soos kleinvee gedwaal, elkeen van ons het sy eie koers ingeslaan; maar die Here het ons almal se sondeskuld op

Hom laat neerkom. Hy is mishandel, maar Hy het Hom daaraan onderwerp en nie Sy mond oopgemaak nie – soos 'n skaap wat ter slagting gebring word, soos 'n ooi wat voor haar skeerders stom is. Hy het Sy mond nie oopgemaak nie." En nou mag Johannes se hoorders hoor en kyk en sien: Hier is Hy, die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem!

Die punt is: Johannes konfronteer sy hoorders – hy wys hulle daarop al daardie profesieë en skadu's van die Ou Testament het vooruit gewys na hierdie Een: die Lam van God. En hier is Hy: Hy is Jesus van Nasaret. Hulle kan Hom sien staan in hulle midde! En natuurlik konfronteer Johannes nie net sy groep hoorders daardie dag by die Jordaanrivier nie: Hy konfronteer elke mens, elke mens wat deel is van die wêreld, elke mens wat deel is van die sondegevalle mensdom: Hier is die Lam van God, wat werklik ons grootste nood kom aanspreek het. Hoe reageer ons hierop?

<u>Die Verlosser is deur God aangestel (Joh 1:30-34)</u>

Lees 1 Joh 1:30-34. Ons kan nie oorbeklemtoon hoe groot en gewigtig Johannes se aankondiging oor die Here Jesus was nie. Niemand in die Joodse gemeenskap sou dit gewaag het om te sê wat Johannes oor Jesus gesê het as hy nie absoluut seker was nie. As dit later sou blyk dat wat Johannes gesê het vals was, sou dit eenvoudig die einde van Johannes se bediening beteken het, en ook die einde van enige geloofwaardigheid wat hy gehad het. Ons lees in Mat 11:3 hoe Johannes later, terwyl hy in die tronk was, geworstel het of Jesus wel die Een is wat sou kom, en of ons nog iemand anders moet verwag. Daar het Jesus Johannes versterk deur hom te herinner aan alles wat Hy doen – dit moes Johannes opnuut oortuig Jesus is die Een. Hierdie latere twyfel by Johannes onderstreep hoe ernstig dit vir Johannes was om seker te maak dat hy die regte Persoon aangewys het as die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem.

Die vraag is egter hoe het dit gebeur dat Johannes die Doper hier in Johannes 1 op die walle van die Jordaanrivier so oortuig was dat die Here Jesus wel die Een was wat sou kom. Kom ons lees weer verse 30-31. Hier onderstreep Johannes weereens dat die Here Jesus belangriker is as hy, in elk geval was Jesus alreeds voor Hom. Soos wat ons in die proloog gesien het, het Jesus se optrede lank voor Johannes se optrede begin – dit het al in die begin begin. En al is Jesus hier 'n mens in hulle midde, is Jesus baie belangriker as Johannes: Hy is God en mens, Hy is die Lam van God, terwyl Johannes maar net die mens is wat na Hom wys. Volgens vers 31 erken Johannes daar was ook 'n tyd dat Hy Jesus nie geken het nie. Onthou: Maria, Jesus se ma, en Elisabet, Johannes se ma, was verwant aanmekaar. Dit suggereer dat dit moontlik is dat Johannes en Jesus mekaar al wel van kleins af kon geken het. As dit waar is, beteken dit egter nie Johannes het toe al geweet Jesus is die Een wat sou kom nie. Dit het eers met verloop van tyd duidelik geword, en dit is toe dit aan hom duidelik geword het, dat hy begin het om met water te doop, om sodoende aan Israel bekend te maak Jesus is die Een, die Lam van God.

Maar hoe het Johannes tot oortuiging gekom Jesus is die Een? Lees verse 32-34. Hier verwys Johannes na 'n gebeurtenis waartydens hy gesien het dat die Gees van God uit die hemel neergedaal het soos 'n duif op Jesus, en toe op Hom gebly het. Die gebeurtenis waarna Johannes verwys is natuurlik die geleentheid toe hy die Here Jesus gedoop het. Die doop van die Here Jesus het plaasgevind voor die gebeure waarvan ons hier in Joh 1 lees. Die Johannes-evangelie beskryf nie die doop van Jesus nie – maar kom ons lees die gebeure in Mat 3:13-17. Die Here Jesus het na Johannes gegaan om deur hom gedoop te word. Johannes het teëgestribbel – hy was oortuig dit is eerder hy wat deur Jesus gedoop moet word. Maar die Here Jesus het aangedring dat Hy gedoop moet word – sodat alle geregtigheid vervul kan word. Johannes het ingestem. En toe, toe Jesus uit die water opstaan, het die hemele oopgegaan, en die Gees van God het soos 'n duif uit die hemel op Hom

neergedaal. En meteens was daar ‘n stem uit die hemel wat sê: “Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug”.

Wat is die belangrikheid van hierdie stem uit die hemel wat sê: “Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug”? Ek is oortuig dit is baie belangrik – kom ek probeer verduidelik. Daar was net twee geleenthede tydens die lewe van die Here Jesus op aarde waar daar ‘n stem uit die hemel hierdie aankondiging gemaak het: die een keer was hier tydens Jesus se doop, en die tweede keer was later tydens Jesus se verheerliking op die berg (Mat 17:5). In beide gevalle was dit die stem van die Vader wat dit aangekondig het. Kom ons gaan kyk nou na Ps 2. In Ps 2 lees ons van die konings van die aarde wat teen die Here saamspan. Maar die Here lag vir hulle, en dan sê die Here Hy het Sy Koning gesalf (v6), en in vers 7 sê die Here vir die Koning: “Jy is My Seun, vandag het Ek jou verwek”. Die punt is: die salwing van die Here se Koning, wat ons weet die Here Jesus is, loop hand aan hand met die aankondiging deur die Vader: Jy is My Seun. Kom ons blaai nou na Heb 1:5 toe: Lees dit. Hier lees ons dat die Seun van God verhewe is bo die engele want die Vader het van Hom gesê: “Jy is My Seun” – en die konteks van Heb 1 maak dit juis duidelik dat Jesus die Koning is – soos wat die geval is in Ps 2. Kom ons blaai na Heb 5:5 toe”. Lees dit. Hier lees ons dat Jesus se aanstelling as Hoëpriester gepaardgegaan het met God wat vir Hom gesê het: “Jy is My Seun”. Kom ek probeer saamvat: Uit Ps 2 is dit duidelik dat die Here Jesus se aanstelling as Koning gepaard sal gaan met ‘n stem uit die hemel wat sê: “Jy is My Seun”. Heb 1:5 bevestig dat Jesus se aanstelling as Koning gepaardgegaan het met ‘n stem uit die hemel wat sê: “Jy is My Seun”. Heb 5:5 bevestig dat Jesus se aanstelling as Hoëpriester ook gepaardgegaan het met ‘n stem uit die hemel wat sê: “Jy is My Seun”. Tydens die lewe van die Here Jesus op aarde was daar twee keer ‘n stem uit die hemel wat sê: “Jy is My Seun” – die eerste keer was met Jesus se doop. Johannes beskryf dit kort nadat hy gesê het Jesus is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem, wat juis ‘n beskrywing is van die Here se Hoëpriesterlike werk – soos wat Heb 5:5 ook bevestig. Die tweede keer was met Jesus se verheerliking op die berg – dit het gebeur kort nadat Jesus met Sy dissipels gepraat het dat Hy in heerlikheid gaan kom en dan gaan Hy elkeen vergeld volgens wat hy gedoen het, wat tog sekerlik ‘n beskrywing is van sy werk as Koning. Die punt is: die Here Jesus is die Priesterkoning – beide Sy Hoëpriesterskap sowel as Sy Koningskap word bevestig met ‘n stem uit die hemel: “Dit is My Seun”. Dit is voorspel in Ps 2, dit het gebeur tydens Jesus se doop en Sy verheerliking op die berg, dit is so geïnterpreteer deur die Hebreërskrywer.

En dit is wat Johannes oortuig het: Daardie stem uit die hemel toe hy Jesus gedoop het, het aan hom bevestig: Jesus is die Een. Voeg hierby dat Johannes ook die Gees van God op die Here Jesus sien neerdaal het – en hy moes sekerlik teruggedink het aan Jes 42:1 waar daar staan: “Kyk, hier is My Dienskneg wat Ek ondersteun, My Uitverkorene in wie My binneste vreugde vind. Ek het My Gees op Hom laat kom.” Trouens, die Here het self aan Johannes geopenbaar dat die Een op wie hy die Gees sien neerdaal, dit is Hy. Dit is weens al hierdie redes dat Johannes met oortuiging kon getuig: “Kyk die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem”. Dit is waarom Johannes met oortuiging kon getuig: “Hy is die Seun van God.”

In vers 33 maak Johannes ook nog die stelling: Nie net het hy die Heilige Gees op Jesus sien neerdaal nie en op Hom sien bly nie, nee, die Here Jesus gaan ook met die Heilige Gees doop – anders as Johannes wat net met water gedoop het. Die doop met water is sekerlik ‘n aanduiding van die skoonwas van sondeskuld wat die Here Jesus deur Sy eenmalige offer gaan bewerk. Maar Hy gaan meer doen: Hy gaan ook met die Gees doop. Onthou jy die wonderlike ontwikkeling wat in die nuwe verbond plaasvind? Nie net word gelowiges skoon gewas van hulle sondeskuld nie, hulle ontvang ook nuwe harte van die Heilige Gees wat hulle sondige natuur, hulle sondegeneigdheid, gaan aanspreek. Jesus as die Messias spreek beide sondeskuld en sondegeneigdheid aan.

Opsommend

Geliefdes, ek sluit af en wil jou die volgende vra:

- Verstaan jy wat jou werklike nood is? Verstaan jy jou werklike nood is nie materieel nie, nie ekonomies nie, nie polities nie, nie sielkundig nie? Jou werklike nood is jou sondeskuld en sondegeneigdheid.
- Verstaan jy Wie kan werklik hierdie nood aanspreek? Dit is net die Here Jesus, wat die Lam van God is, wat ook die Seun van God is, wat ook met die Heilige Gees doop.
- Is jy wérklik oortuig Hy is die Een wat jou kan verlos? Ek vra nie of jy al gehoor het Hy is die Een nie. Ek vra of jy óórtuig is Hy is die Een. Indien wel, op grond waarvan is jy so oortuig? Johannes was oortuig omdat hy God se optrede en Sy openbaring aan hom in perspektief kon sien met vroeëre profesieë. Het jy al die tyd spandeer om jouself so te oortuig? Het jy al doelbewus met aandag die getuienis oor Jesus wat in die Bybel opgeteken is, bestudeer met die doel om jouself te oortuig: Hy is die Lam van God wat ook my sonde wegneem? Ja, natuurlik moet die Heilige Gees jou oortuig, maar die Heilige Gees werk juis deur God se openbarings aan ons te gebruik.